PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

KONSEPWYSIGINGSWETSONTWERP OP BELASTINGWETTE (WWBW) 2018 EN KONSEPWYSIGINGSWETSONTWERP OP BELASTINGADMINISTRASIEWETTE (WWBAW)

Voorleggings en Verhore

Die Staande Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike voorleggings te doen oor die Konsep-WWBW 2018 en die Konsep-WWBAW 2018.

Die vernaamste voorstelle wat vervat is in die Konesp-WWBW 2018 is:

- om groter aanpasbaarheid vir die behandeling van oorplasings en onttrekkings betreffende aftreefondse te bewerkstellig
- om vrystelling te bied betreffende byvoordele vir werknemers met 'n laer inkomste wat 'n lening van hul werknemer ten opsigte van lae-inkomstebehuising ontvang
- om die vrystelling ten opsigte van internasionale skeepvaart te hersien met die oog daarop om vir die gebruik van vervangingskepe voorsiening te maak
- om die afskryftydperk vir elektroniese kommunikasiekabels te verkort
- om verfyning en verheldering betreffende die omset van skuld na ekwiteit moontlik te maak
- om die wisselwerking tussen die teenvermydingsreëls vir dividendstroping en die reëls vir korporatiewe herorganisasie te bewerkstellig
- om reëls in te voeg betreffende die aanwending van trusts ten einde belasting uit te stel of die aard van inkomste te herkarateriseer
- om 'n reël in te stel betreffende die karakteriseing van 'n eenjarige inkomste ten opsigte van bedrae wat opgeloop het by portefeuljes van gesamentlike beleggingskemas om sekerheid te bied en potensiële misbruik te bekamp.

Die vernaamste voorstelle ten opsigte van belastingadministrasie wat vervat is in die Konsep-WWBW 2018 hou verband met:

- die verwydering van die vereiste om belastingopgawes vir individue wat 'n belastingvrye dividend ontvang, in te dien
- wysiginge betreffende teenvermyding ten opsigte van aksynsheffings
- verheldering betreffende onakkurate fakture vir terugbetalings op belasting op toegevoegde waarde
- die instemming om die invordering van betalings ten opsigte van toegevoegde waarde oor takke en afdelings heen te bewerkstellig.

Openbare verhore sal op Dinsdag, 21 Augustus 2018 by die Parlement gehou word.

Voorleggings en jou aanduiding of jy 'n mondelinge voorlegging wil doen moet teen 12:00 op die laatste op Vrydag, 17 Augustus 2018 ontvang word.

Voorleggings moet gerig word aan die Komiteesekretarisse, **me Tebho Sepanya**, 3de Verdieping, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000 of **tsepanya@parliament.gov.za** tel. **(021) 403-3738** en mnr Allen Wicomb, 3de Verdieping, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000 of **awicomb@parliament.gov.za** tel. **(021) 403-3759**.

Uitgereik deur agb Y I Carrim, LP, Voorsitter: Staande Komitee oor Finansies (Nasionale Vergadering).

Parliament. Making Democracy Work

www.parliament.gov.za